werk & groei
VREDENHEIM
AKADEMIE

# PROSPEKTUS




# VREDENHEIM AKADEMIE

*Die skool waar elke kind 'n plaaskind kan wees*

# INHOUDSOPGAWE


**1 VERWELKOMINGSBOODSKAP**

'n Hartlike verwelkoming aan ouers, leerders en belangstellendes.

**2 OOR ONS SKOOL EN SY GESKIEDENIS**

Leer meer oor die geskiedenis, ontstaan en unieke karakter van Vredenheim Akademie.

**3 ONS SKOOLWAPEN**

Ons skoolwapen simboliseer ons waardes, visie en identiteit. Elke element dra betekenis en herinner ons daagliks aan wie ons is en waarna ons streef.

**4 VISIE, MISSIE EN WAARDES**

Ons toekomsgerigte visie, ons missie in die alledaagse praktyk en die kernwaardes wat ons rig in alles wat ons doen.

**5 AKADEMIESE PROGRAM**

'n Oorsig van die kurrikulum en onderrigmetodes wat ons gebruik om leerders nie net akademies nie, maar ook persoonlik te ontwikkel.

**6 KULTUUR EN SPORT**

Vredenheim Akademie glo in gebalanseerde ontwikkeling.

**7 HOEKOM VREDENHEIM AKADEMIE?**

Ontdek wat Vredenheim Akademie uniek maak.

**8 SKOOLKULTUUR EN DISSIPLINE**

Ons kweek 'n kultuur van respek, orde en samewerking.

**9 KONTAKBESONDERHEDE**

Belangrike kontakbesonderhede vir administrasie, toelatings en algemene navrae.






## GROEI DEUR WERK





## GROEI IN AKSIE

# VERWELKOMINGS-BOODSKAP

*Beste ouers*

*Dit is vir ons 'n groot vreugde om u en u kinders welkom te heet by **Vredenheim Akademie.** Baie dankie dat u dit oorweeg om deel te word van ons groeiende skoolfamilie.*

*In 2024 het ons met groot opgewondenheid ons eerste kleuters verwelkom, en in 2025 het ons eerste laerskoolleerders by ons aangesluit – 'n besondere mylpaal op ons pad vorentoe.*

*By **Vredenheim Akademie** streef ons daarna om 'n warm, koesterende omgewing te skep waar kinders vrylik kan leer, groei en ontdek. Geleë in 'n rustige plaasomgewing, vry van die druk van 'n gejaagde, prestasiegedrewe atmosfeer, bied ons klein klasgroepe, multigraadonderrig en holistiese benadering u kind die geleentheid om op intellektuele, emosionele, fisieke, sosiale en geestelike vlak te ontwikkel.*

*Akademiese uitnemendheid lê ons ná aan die hart; daarom bou ons aan 'n sterk grondslag in taal en wiskunde deur middel van beproefde kurrikulumriglyne en kreatiewe, kind-gerigte benaderings wat elke leerder se unieke gawes aanwakker.*

*Maar, ons is méér as net 'n akademiese instelling; ons is 'n geloofsgemeenskap. Bybelse waardes is die hartklop van alles wat ons doen en binne hierdie raamwerk leer ons kinders om standvastige, waardegedrewe jong mense te word.*

*Ons sien daarna uit om u en u kind(ers) met ope arms te ontvang.*

*Hartlike groete.*

*Salomé Goosen*
*Operasionele Hoof*
*Vredenheim Akademie*





ONDERWYS
MET HART




WAAR ELKE
LEERDER TEL




# OOR ONS SKOOL EN SY GESKIEDENIS

***Vredenheim Akademie*** *het sy ontstaan te danke aan 'n diep liefde vir Afrikaans – 'n taal, kultuur en geskiedenis wat die Bezuidenhout-familie al geslagte lank koester.*

*In 'n wêreld waar onderwys dikwels meer fokus op die massa as op die mens, en kinders maklik in die massas verdwyn, het ons begin wonder: Is daar nie 'n ander pad vir ons kinders se toekoms nie? En ons het die behoefte identifiseer aan iets beters – 'n skool sonder die druk van hoofstroomonderrig, groot klasse, swak dissipline en 'n gebrek aan Christelike waardes.*

*Verder het navorsing bevestig wat ons glo: Moedertaalonderrig bou sterker akademiese vaardighede, 'n gesonde selfbeeld en 'n sterk gevoel van identiteit.*

*Tog is Afrikaans as onderrigtaal besig om te kwyn. Daarom is* ***Vredenheim Akademie*** *'n visie en 'n roeping – 'n skool waar kinders kan wortel skiet in hul eie taal, waardes en kultuur, en waar gesinne wat hierdie waardes deel, sal tuis wees.*

***Vandag se werk, môre se wysheid***

# ONS SKOOLWAPEN

## HEKSAGOON
Samewerking, soos dié van ’n swerm bye in ’n korf, vrugte afwerp.

## WERKERBY
Harde werk maak drome waar.

## TWYGIE
Groei en voorspoedig wees as ons goeie saadjies plant.

werk & groei

VREDENHEIM AKADEMIE

## GOUDGEEL
Die kleur van sonskyn en heuning en simbool van warmte en lewensvreugde.

## GROEN
Die kleur van die natuur, groei, lewe en ons verbintenis met God se skepping.

***Bou vandag aan wie jy môre wil wees***

# VISIE, MISSIE EN WAARDES

## VISIE

Ons visie is om ’n tuiste te skep waar kinders holisties kan ontwikkel – akademies, emosioneel, fisiek, sosiaal en geestelik. Daarmee saam wil ons ’n diep waardering vestig vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap en die unieke rykdom wat dit tot ons lewens en wêreld voeg.

## MISSIE

Ons missie is om ons leerders te bemagtig om, deur die voorreg van moedertaalonderrig, uit te styg in hul gemeenskap. Daarvoor bied ons ’n veilige, inklusiewe leeromgewing waar hulle leer om met selfvertroue in ’n multi-kulturele samelewing te funksioneer en tot uitmuntende wêreldburgers te groei terwyl hulle gewortel bly in hul eie erfenis.

## WAARDES

Respek, Ywer, Eerlikheid

# AKADEMIESE PROGRAM

Ons kurrikulum is kindervriendelik en spel-gebaseerd, met 'n fokus op holistiese groei.

## DIE BYEKORF

- Spel-gebaseerde leer met fokus op sintuiglike en buiteleerruimtes
- Sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling
- Fokus op welstand, identiteit, kommunikasie, kreatiwiteit, wiskunde en wêreldkennis
- Kurrikulum: Nasionale Kurrikulum Raamwerk (NKR) wat fokus op die ses vroeëleerontwikkelingsareas. Die kurrikulum is verryk deur die SOS se holistiese benadering wat integrasie en differensiasie in elke area insluit.

## GRONDSLAGFASE

- Leer deur spel en ontdekking, sonder oorweldigende akademiese druk
- Klem op Afrikaanse taalvaardigheid en Singapoer-benadering tot Wiskunde
- Leerareas:
  - Afrikaans: luister, praat, lees en skryf
  - Wiskunde: getalle, ruimte, meting, data
  - Lewensvaardigheid: kuns, musiek, liggaamsopvoeding (3x/week)
  - Robotika, kodering en "6 Bricks"

## SKOOLURE

- Aankoms: 07:00 – 07:55
- Formele onderrig: 08:00 – 13:00
- Nasorg: 13:00 – 17:00

# KULTUUR EN SPORT

By **Vredenheim Akademie** glo ons dat gesonde, gebalanseerde ontwikkeling begin by ’n ryk, geïntegreerde kurrikulum – een wat elke faset van ’n kind se menswees betrek: liggaamlik, emosioneel, intellektueel, sosiaal en geestelik.

Ons dagprogram is doelbewus gestruktureer om hierdie balans te ondersteun. Navorsing toon duidelik dat kinders tussen vyf en tien jaar besonder baat vind by gestruktureerde, holistiese leer — en daarom is speel, kreatiewe aktiwiteite en liggaamlike beweging by ons deel van die leerervaring self.

Ons kinders neem minstens drie maal per week deel aan groot-motoriese aktiwiteite om balans, koördinasie en liggaamsbewustheid te bevorder.

Kuns, kreatiewe uitdrukking in verskeie leerareas, en drama is in die leerproses ingebou en hulle kry verder geleentheid om hul denk- en probleemoplossingsvaardighede deur skaak te slyp.

Hoewel ons sport- en kultuurgeleenthede voor en ná skool aanbied vir kinders met spesifieke belangstellings, is die volle leerervaring by Vredenheim reeds verweef in die skooldag.

***Jou pad na potensiaal begin hier***



# HOEKOM VREDENHEIM AKADEMIE?

- Unieke plaasomgewing
- Klein klasgroottes
- Dissipline met waardes
- Veilige leertuiste
- Wiskunde, taalontwikkeling en leesvaardighede

- Holistiese benadering
- Kindervriendelike NKR-kurrikulum
- Voltydse en nasorg-opsies
- SOS-holistiese benadering ten opsigte van integrasie en differensiasie

# SKOOLKULTUUR EN DISSIPLINE

By Vredenheim Akademie leef ons Christelike waardes uit en kweek ons 'n kultuur van respek, selfdissipline en verantwoordelikheid. Ons fokus is op positiewe gedragskodes, waardegedrewe leiding en die bou van karakter.

## KOM ERVAAR VREDENHEIM AKADEMIE

Gee jou kind die kans om te speel, leer en groei in 'n hartlike, Christelike plaasskool. Hier plant ons wortels vir 'n lewe van geloof en drome.



# KONTAK-BESONDERHEDE

## WEBWERF

www.vredenheimakademie.co.za

## E-POS

salome@vredenheim.co.za

## SKAKEL ONS

072 315 2852

## AANSOEKE

Inskrywings vir Graad RRR – 2 is nou oop!

Vorms is beskikbaar op ons webwerf by www.vredenheimakademie.co.za

Ons sien daarna uit om jul gesin deel van die **Vredenheim Akademie-familie** te maak!

**Skandeer gerus die QR-kode vir maklike toegang.**




werk & groei

# VREDENHEIM AKADEMIE